Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 11. Kaapstad, 7 Mei 1952. Prys 3d. No. 23.

# KOESTER WESTE 'N SLANG AAN DIE BOESEM?

## Tito-Breuk met Stalin 'n Slenter, sê Offisier

**Die Westerse demokrasieë is nog steeds druk aan die vry na diktator Tito van Joego-Slawië, maar die jongste bekendmaking van die kommunistiese maarskalk is dat hoewel sy land 2,000,000 manne gereed het onder die wapen, Joego-Slawië hom nie gaan verbind om aan 'n oorlog deel te neem nie.**

**Intussen het die Amerikaanse militêre verteenwoordiger in Joego-Slawië aan die V.S.A.-regering gerapporteer dat 'n aansienlike deel van die beloofde gratis oorlogstuig reeds aan Tito afgelewer is, maar dat hy nie weet wat daarvan word nie.**

**Wat presies die rol is wat maarskalk Tito, die „verlore seun" van Josef Stalin, besig is om te speel, is nog steeds 'n onderwerp van bespiegeling. Daar is waarnemers wat nog harder as tevore beweer dat sy „breuk" met die Kremlin blote oëverblindery is en dat hy van tyd tot tyd amptelike dog streng geheime besoek van Moskou se werktuie ontvang.**

Die militêre verteenwoordiger van die V.S.A. in Belgrado, genl. John Harmony, het so pas aan Washington gerapporteer dat die kommunistiese bewind van Tito tans veel sterker is danksy Amerikaanse hulp. Watter hoeveelheid wapens aan Tito gestuur is, is 'n militêre geheim, maar van die toesegging van 1950-51 het hy reeds ongeveer een-derde in die vorm van tenks, vliegtuie, pantsermotors, afweergeskut, ens. ontvang, en 'n kleiner persentasie van die 1951-52-toesegging.

'n Aantal Joego-Slawiese offisiere en manskappe is spesiaal in Amerika opgelei vir hantering van die Amerikaanse wapens.

**Tito se agterdog teenoor die Weste is egter nog so groot dat hy feitlik geen toesig van Amerikaanse kant oor die aanwending van wapens toelaat nie, en Harmony moes rapporteer dat hy nie in staat is om te sê watter eenhede hierdie gratis Amerikaanse wapens ontvang nie.**

### ONRUSBARENDE VERHAAL

'n Oostenrykse koerant, Tiroler Tageszeitung van 4 Maart, berig dat die Joego-Slawiese stafkolonel, Jachelic, uit sy land gevlug en hom aan die Britse instansies in Trieste oorgegee het. **Kolonel Jachelic beweer dat Tito se breuk met Stalin 'n blote slenter is met die doel om die Westerse moondhede te mislei.** Ter bevestiging van sy bewerings hèt hy mikrofilms van dokumente wat hy saam met hom deur gesmokkel het, getoon. **Hierdie dokumente openbaar dat die Joego-Slawiese generaal Dapcevic, aan wie sê vertrouenskring Jachelic behoort het, in die middel van Desember Russiese offisiere aan die Roemeense grens ontmoet het. Volgens kol. Jachelic vind hierdie samesprekings elke drie maande plaas vir die uitruiling van politieke en militêre inligting en die aflewering van opdragte van Moskou aan Tito.**

### GESTAAF

Om sy stelling nog verder te staaf was Jachelic in staat om die name en ampte van die Russiese verteenwoordigers by die samespreking op te noem. **Die Amerikaanse geheime diens was Jachelic ondervra het, het vasgestel dat hierdie Russe almal Sowjet-offisiere is wat aan die vierde afdeling van die generale staf en Rooi Leër verbonde is en wat met spioenasie belas is.**

**(Vir Suid-Afrikaners is dit van belang om daarop te let dat die V.S.A. wel gratis wapens aan kommunistiese Joego-Slawië lewer nog voordat oorlog uitgebreek het en sonder dat Joego-Slawië oorlogsverpligtings aanvaar, maar dat Suid-Afrika eers wapens sal ontvang nadat hy troepe in die Midde-Ooste gelewer het. Ook moet Suid-Afrika vir sy wapens betaal — selfs nou waar sy soldate in Korea veg in 'n Amerikaans-verknoeide oorlog.)**

## „Regte Terrein"

Die opsweping deur die V.P.-politici en -pers van die Engelssprekendes teen die Regering het gelei tot 'n beweging in Natal om af te skei van die Unie. Daar was sprake van 'n konvensie wat belê moes word waar die saak behandel kon word. Intussen het die V.P.-pers en alle parlementslede van die V.P. stelling ingeneem teen hierdie afskeidingsbeweging. Verlede week kon die Cape Argus aankondig dat „diegene wat hoofsaaklik vir die konstitusionele strydaanvoering verantwoordelik is, daarin geslaag het om dit op die regte terrein te hou ten spyte van dwase praatjies oor afskeiding, verdeling, ens."

Hiermee is die O.B. se standpunt bevestig dat die V.P. en sy pers nie die stryd verder sal laat ontwikkel as wat nodig is vir verkiesingspropaganda nie. Die opposisie-geskreeu is maar alles deel van die partypolitieke spel, en die spel moet gespeel word volgens reëls.

## HALWE VERGELYKING— HALWE WAARHEID

Kabinetslede in die Unie — maak nie saak of hulle V.P. was of vandag N.P. is nie — probeer altyd die volk paai met die versekering dat die lewenskoste in ons land dan nog soveel laer is as in ander lande en dat ons daarom nog dankbaar behoort te wees wanneer die pryse van benodigdhede styg. Dieselfde storie het the min. Havenga ook verlede week vertel toe hy hoër voedselpryse voorspel het.

Hierdie mense draai die volk 'n rat voor die oë, **want hulle vergelyk pryse sonder om lone te vergelyk.** 'n Mens kan byvoorbeeld makliker 10/- vir 'n pond vleis betaal as jy £5 per dag verdien as 'n halfkroon wanneer jy net £1 per dag verdien. En dit is wat in ander lande gebeur. **Waar 'n messelaar in Suid-Afrika maar 6/5 per uur verdien, verdien 'n Amerikaanse messelaar £1 per uur (die vasgestelde loon is 2.75 dollar). Met sy 6/5 moet die Suid-Afrikaner 2/9 vir 'n haarsny en 2/6 vir 'n pond vleis betaal. Die Amerikaner betaal vir albei ongeveer 7 sjielings. Laasgenoemde is dus nog heelwat beter daaraan toe as die Suid-Afrikaner.**

# PARTYE BEREI DIE WEG NA GEWELD

**Die politieke party-oorlog in ons land nader 'n punt waar dit Suid-Afrika neerhaal na die peil van 'n Suid-Amerikaanse staatjie waar daar gedurig revolusies en gerugte van revolusie is. Die Verenigde Party-opposisie het terwille van stemoorwegings 'n agitasie aan die gang gesit wat besig is om 'n heeltemal ander nasleep te hê as wat die afsetters aanvanklik daarmee beoog het. Hierdie party wou deels verhoed dat die regering 'n wet deurdryf wat hom 'n aantal Kaaplandse setels sou kos en anderdeels wou hy stemming maak vir die algemene verkiesing aanstaande jaar. Maar sy geskreeu is deur 'n deel van sy gevolg te ernstig opgeneem.**

Oud-soldate wat nog nie geleer het dat die partypolitiek 'n „spel" is nie — „the game of politics" — het begin oordeel dat die V.P.-opposisie te mak is en dat die „onkonstitusionele" optrede van die Regering met ander metodes beantwoord moet word. Tot 'n paar weke gelede toe die opposisie-front tussen die V.P., Arbeidersparty en Torch Commando tot stand gekom het, het die V.P.-leiding nog meegehelp om die Torchmanne se senuwees op hol te jaag. By dié geleentheid het mnr. Strauss gesê dat geweld met geweld beantwoord sal word. **Sedertdien het V.P.-blaaie en -sprekers hul hande vol gehad om die senuwees van hul volgelinge te kalmeer tot 'n punt wat meer geskik is vir verkiesing as vir revolusie. Selfs moes 'n paar V.P.-manne afsit Natal toe om 'n afskeidingsbeweging daar te gaan voorkeer.**

### REGERING SKRIK OOK

Maar ook die Regering het geskrik en polisie-versterkings het na die wetgewende hoofstad gestroom in 'n atmosfeer van bange spekulasie. Of die Regering se vrees gegrond was of nie, kan ons nie oordeel nie, behalwe dat ons glo, soos in 'n vorige artikel uiteengesit, dat die V.P.-politici in elk geval nie sal toelaat dat die Torch Commando 'n staatsgreep uitvoer nie, al is dit bloot net omdat hulle sal weier om tweede viool te speel onder die Torch-leiding binne 'n nuwe Torch-staat. Maar wat die Regering nou wel doen is om die vrees-atmosfeer uit te buit, òf terwille van stemme, soos dr. Malan op Porterville gedoen het, òf met die doel om die skande van sy skrik te verberg agter sombere sinspelings van gevare waarvan die „volk daarbuite" niks vermoed nie.

### LYFWAG

Die gebruik wat genl. Smuts tydens die oorlogsjare ingevoer het om hom van 'n private lyfwag te laat omring — 'n gebruik wat hy ná beëindiging van die oorlog nog voortgesit het, en wat deur dr. Malan saam met die bewind in 1948 oorgeneem en voortgesit is — is selfs in die afgelope week uitgebrei na gewone ministers. Daarmee is gesuggereer dat elke kabinetslid in dodelike bedreiging van sy lewe verkeer. In die parlement het 'n agbare lid selfs uitgewy dat die persoon wat aan dr. Malan raak 'n rewolwerkoeël sal kry!

**Al hierdie dinge skep 'n sluipmoord-atmosfeer in ons land wat totaal vreemd is aan ons tradisie. Hierdie atmosfeer verlaag nie net Suid-Afrika se prestige in die buiteland, met nadelige gevolge vir ons land op ekonomiese en politieke gebied nie, maar dit lok op die duur inderdaad moord en doodslag uit.** Wanneer 'n minister in gewone vredestyd gedurig omring is van 'n lyfwag, suggereer dit sluipmoord by onverantwoordelike elemente wat voorheen nooit daaraan sou gedink het nie — want selfs onverantwoordelikes is geneig om hulle aan te pas by 'n goeie tradisie, net soos verantwoordelikes hulle weer aanpas by 'n slegte tradisie. Daarom kry mens state waar daar al om die ander jaar 'n sluipmoord plaasvind, terwyl andere weer eeue-lank vry is van die euwel.

Ons wil gevolglik hoop dat die partypolitici hulle betyds sal bedink en terugkeer tot hul gewone skadelike politiekery. Dit is klaaglik wanneer partye mekaar beveg met skinderstories van „hulle wil die naturel verslaaf" of „hulle wil die naturel met jou wit dogter laat trou," maar dit is in elk geval te verkies bo die euwel van geweld en sluipmoord-propaganda wat nou aan die gang is en wat uiteindelik die pilare van ons samelewingsorde moet laat instort.

## Twee Afrikaners Sal Kroning Help Reël

Die kroningsplegtigheid van die nuwe Britse koningin (en van Suid-Afrika) is bepaal vir 2 Junie aanstaande jaar. Uit Londen is berig dat daar onmiddellik begin sal word met die voorbereiding van die feestelikheid wat meer as £1 miljoen sal kos.

Dr. Malan en dr. A. L. Geyer, die Unie se hoë kommissaris in Londen, is deur die koningin benoem tot lede van die kroningsraad van 36 lede wat die hertog van Norfolk met die beplanning van die plegtigheid moet bystaan.

# MEV. C. F. LOMBARD SAL VROUE LEI

**Mev. C. F. Lombard, vroeër van Malmesbury en tans woonagtig in Die Strand is deur dr. F. D. du T. van Zyl, Kaaplandse leier van die O.B., aangestel as vroueleidster in Wes-Kaapland. Die aanstelling is deur mnr. W. R. Laubscher, voorligtingsoffisier, verlede Woensdag bekend gemaak by geleentheid van die maandelikse vergadering van O.B.-vroue in die Komitee-kamer van die Groote Kerkgebou, Kaapstad.**



Mev. Lombard sal waarneem totdat 'n vergadering van die Gebiedsraad haar aanstelling as Gebiedshoofvrou kan bekragtig.

Mevv. M. van Rooyen (hoofkomdte.) en M. van Aarde (Asst.-hoofkomdte.) het die dank en waardering van die vroue uitgespreek teenoor mev. Lombard vir haar gewilligheid om hulle te lei; en die trou en ondersteuning van die vroue aan haar beloof.

Mev. Lombard het gesê dat sy beloof om haar uiterste bes te doen. Dit is al. Met die genade van die Allerhoogste en die hulp van al die vroue sal sy die moeilike taak wat voorlê aanpak. Haar krag en die krag van die vroue is en moet wees die geloof en die oortuiging dat die beginsels wat die Ossewabrandwag bely die hoogste belange van ons volk beoog.

DIE O.B., WOENSDAG, 7 MEI 1952

# DIE O.B. SE KRITIEK GEHANDHAAF

'n Erkenning dat die Nasionale Regering onmiddellik na sy bewindaanvaarding pogings begin aanwend het om 'n beter verstandhouding tussen Suid-Afrika en Brittanje te bevorder en die betrekkinge tussen die twee lande hartliker te maak, maar dat hierdie pogings nie tot voordeel van Suid-Afrika was nie, is vervat in 'n hoofartikel van Die Burger — 'n regeringsblad wat in die aller jongste tyd reeds meermale in sy baard gebrom het oor die skadelike Empire-diens waartoe Suid-Afrika hom teenoor Brittanje verplig het. Die nuwe lug wat deur Die Burger se kolomme in hierdie opsig begin waai is verblydend en ons wil van harte hoop dat dit nie net 'n geïsoleerde standpunt-verandering is nie, maar die voortekens dat daar ook by die N.P.-leiding 'n wending gekom het in die proses van verbritsing waarteen Die O.B. so sterk gewaarsku het in die afgelope paar jaar.

Deur die afkeurende houding wat ons ingeneem het teen die koersafwyking van die Nasionale bewind, veral sedert dr. Malan se besoek aan Londen in 1949 (waar hy afgesien het van die ideaal van verbreking van die Britse konneksie) het ons heelwat verwyte moes verduur dat ons maar net „vitterig" en „negatief" is in ons kritiek op die Regering. Toe ons byvoorbeeld op 25 April verlede jaar beswaar gemaak het teen ons hoë kommissaris in Londen se toespraak waarin hy **„uitgesien het na 'n steeds toenemende handel" tussen Engeland en Suid-Afrika en hy aan voornemende Britse immigrante gesê het dat 'n republiek nie praktiese politiek is en dat hierdie kreet hulle dus nie terug hoef te hou nie,** het Die Burger ons kwaai aangeval. Die blad het toe geskryf:

> „Om dus meer vrugte, wyn en wol aan Engeland te verkoop, en meer tekstielware, motors en masjinerie met die opbrengs daarvan van Engeland te koop, en jou oor die uitbreidende handel en toenemende voorspoed vir Suid-Afrika te verheug, is volgens hierdie mense (die O.B.) verloëning van die republikeinse ideaal . . . Hierdie soort politiekery stem 'n mens treurig."

**BENADEEL**

Ons het op 9 Mei (presies 'n jaar gelede) hierop geantwoord deur aanhalings uit Die Burger self te neem in die jare voor 1948 **om aan te toon hoe hierdie Britse handel nie tot voordeel van Suid-Afrika strek nie.** Onder andere het ons verwys na 'n berig op 8 Junie 1946 dat Brittanje ons wynboere kul deur voorkeur te gee aan Franse wyn en Suid-Afrikaanse wyne met 'n hoër invoertarief te belaai ondanks die beleid van Ryksvoorkeur. Ook het ons verwys na 'n berig in Die Burger van 10 Desember 1945 dat die Britse wolkommissie in Suid-Afrika „dinge aangevang (het) wat nie met die belange van die boer en die belastingbetaler strook nie." **Ons het betoog dat hierdie eensydige Britse handel Suid-Afrika verplig om ten duurste vir „tekstielware, motors en masjinerie" te betaal wat hy elders teen veel laer pryse kan bekom. „Die republikeine se beswaar was nog altyd teen hierdie eensydige, kunsmatige handel waardeur die ekonomiese bande met Brittanje gehandhaaf en verstewig word," het ons verduidelik.**

Nou kom Die Burger na 'n jaar en bevestig ons standpunt — en daarmee ook ons kritiek op die republikeinse afdwaling van die Regering — deur te verklaar:

> „Sommer uit die staanspoor het die Nasionale Regering hom opreg beywer om die betrekkinge met Engeland hartliker te maak en wedersydse welwillendheid te kweek. **Die ondervinding was ontmoedigend.** Ons weet nie wat die nuwe Britse regering se gesindheid teenoor ons Regering is nie. Ons weet wel dat lede van die verslane Attlee-bewind hulle op onbehoorlike en astrante wyse oor ons binnelandse aangeleenthede uitgelaat het . . .
>
> **„Teen dié agtergrond lyk die hulp en offers wat ons ons terwille van Brittanje in die uur van sy nood getroos, 'n bietjie gek. Daarby is dit vernederend om met die aandra van geskenke in letterlike en figuurlike sin te volhard wanneer dit alles met klappe en skoppe beantwoord word. Maar daarmee hou ons nietemin vol omdat ons dit al as byna vanselfsprekend aanneem dat dit in ons eie belang is om Engeland te help en sy wankele pond te stut."**

**BAIE EENSYDIG**

Dan gaan die blad voort om aan te toon dat die handel met Brittanje inderdaad nie so in belang van Suid-Afrika was nie. **In 1951 het Engeland goedere ter waarde van slegs £73 miljoen van ons gekoop teenoor £166.4 miljoen se goedere wat ons van hom gekoop het.**

Ons het dus nou weer 'n punt bereik waar ons en Die Burger saamstem dat die eensydige handel met Brittanje nóg ekonomies nóg politiek in belang van Suid-Afrika is — die ou republikeinse standpunt wat ons nog al die jare handhaaf en op grond waarvan ons die Regering se nouer betrekkinge met Brittanje gekritiseer het, en nog kritiseer.

(Vervolg in volgende kolom.)

(Vervolg van vorige kol.)

Ons kan dus nou met veel groter vrymoedigheid waarsku dat die besluite wat in Januarie op die finansiële Empire-konferensie in Londen geneem is, waar min. Havenga Suid-Afrika verbind het om Brittanje alle moontlike hulp in sy ekonomiese krisis te verleen deur onder meer £70,000,000 van ons goud aan Engeland te lewer, Empire-diens is wat die burgers van ons land nog duur te staan sal kom. Reeds het mnr. Havenga verlede week die volk moes „troos" met die versekering dat voedselpryse nog hoër gaan styg, maar dat dit elders glo darem nog slegter gaan. **Hierdie verhoging van voedselpryse staan in regstreekse verband met die inflasie wat veroorsaak is deur Suid-Afrika se devaluering van sy pond agter Brittanje aan in 1949 en sy maatreëls om Brittanje ekonomies te onderstut, en daardeur sy invoer uit ander lande stop te sit. Met sy £70 miljoen se goud waarmee ons nou duur Britse masjinerie en plaasgereedskap moet koop, kon ons elders veel beter en goedkoper masjinerie gekoop het vir ons boere en daardeur die mielie- en ander pryse op 'n laer peil gehou het. Maar dit mag nie. Suid-Afrika moet offer terwille van Brittanje se dwase huishouding en wêreldpolitiek. Ons moet bly Empire-diens verrig al kry ons as dank daarvoor net „klappe en skoppe."**

**Waarom moet dit? En dit onder 'n Nasionale regering?**

# Van die Os op die Esel

## Deur Sybrand

### *Otto Strasser*

Dr. Otto Strasser, die Duitse banneling wat in Kanada woon, skryf somtyds interessante artikels in ons blad. Die ervarings wat hierdie man opgedoen het is 'n mooi voorbeeld van die groot verskil wat daar in ons tyd bestaan tussen waarheid en propaganda. Hoewel ek nie die lewensgeskiedenis van Otto Strasser in besonderhede ken nie wil ek nogtans my vooraf-gaande verklaring illustreer aan die hand van 'n paar grepe uit sy lewe waarvan ek kennis dra. In die jare voor die oorlog toe Adolf Hitler die stryd om oorwinning in Duitsland gevoer het was Otto Strasser een van sy ondersteuners. In 1930 het Strasser egter met Hitler gebreek, d.i. 'n paar jaar voordat Hitler aan bewind gekom het in Duitsland. Ek weet nie presies waarom die paaie van die twee manne uitmekaar geloop het nie. Ongetwyfeld sou daar ernstige beginselverskille gewees het, maar heel moontlik was die dieperliggende oorsaak van die botsing tussen die twee manne die wesentlike onmoontlikheid vir een sterk persoonlikheid om die volgeling van 'n ander sterk persoonlikheid te wees.

Toe Hitler aan bewind gekom het in Duitsland het Otto Strasser uit sy vaderland padgegee. Vriende en vyande het hom beskou as die enigste Duitser wat die bevoegdheid besit het om in mededinging met Hitler vir die leierskap van die Duitse volk enigsins 'n ordentlike vertoning te maak. So hoog is Strasser aangeslaan.

### *Verskille openbaar die Eie*

Dit sal my lesers ongetwyfeld interesseer om te weet wat die groot beginsels is waaraan Strasser glo en wat hy openlik bely. Dit is belangrik om te weet dat Strasser heelhartig sy Europees-kulturele en Christelik-godsdienstige erfenisse waardeer en sonder verset aanvaar dat hy 'n produk van die Christelike Weste is, wie se plig dit is om daardie tradisies te handhaaf en voort te plant.

Voorts bely Strasser Nasionalisme (natuurlik is hy 'n Duitse nasionalis) en tewens ook Sosialisme (natuurlik is hy 'n Duitse sosialis). „Dit is in die verskille tussen mens en mens en volk en volk dat die eie uitgeken word om in vervulling te tree. Langs hierdie weg kan elke eie roeping vervul word want God het mense en volke nie eners gemaak nie." Hierdie woorde is die grondslag van Strasser se nasionalisme in teenstelling met gelykmakende internasionalisme. Strasser, die sosialis verklaar: „Die waardigheid van die mens en van die volk moet meer erken word; (nie verneder word soos die kapitalisme doen nie) en die verskille tussen mense moet geharmoniseer word, nie gelykgemaak word (soos die kommunisme doen nie)."

### *Twintigste Eeuse Leefwyse*

Maar bowe-al glo Strasser aan die noodsaaklikheid van staatshervorming. Hy sê: „Dit is my opregte oortuiging dat die Westerse wêreld niks minder as 'n rewolusie nodig het nie, wat die idees en instellings van die Franse Rewolusie sal omverwerp en wat sal terugkeer in die gees en wat gestalte sal gee in die praktyk aan 'n twintigste eeuse konserwatiewe en aristokratiese leefwyse."

En natuurlik is Strasser 'n vyand van die kommuinsme.

### *Propaganda en Waarheid*

Gedurende die oorlogsjare het die Geallieerdes se propaganda gelui dat hulle nie veg teen die Duitse volk nie, maar slegs teen Adolf Hitler en sy bewind. In daardie jare was Otto Strasser, die goeie Duitser, wat nie 'n Hitler-man is nie, hoog aangeskrewe by die Geallieerdes. Die Britse en die Franse regerings het hom op hul hande gedra uit gevaarstreke en hom in veilige oorde neergesit. Die Geallieerde propaganda het Strasser voorgeskilder as die simbool van die Duitse volk se verset teen Hitlerisme; en die Geallieerdes se vriendskap teenoor Strasser as die bewys van hul vriendskap teenoor die Duitse volk.

Dit was die propaganda.

Wat is nou die waarheid? Vandag nog moet Otto Strasser as banneling in Kanada vertoef omdat hy belet word om na sy vaderland terug te keer. Moet hierdie vyandskap teenoor dieselfde Strasser, wat onlangs nog op die hande gedra is om Hitler te bestry, nie dien as 'n waarskuwing vir die Duitse volk, wat vandag, op sy beurt, deur die Geallieerdes op die hande gedra word om kommunisme te bestry nie? En is die na-oorlogse vyandskap teenoor Strasser nie die bewys nie dat die Geallieerdes nie teen Hitler nie, maar teen die Duitse volk geveg het?

Die volgende aanhaling uit 'n brief van 'n Britse parlementslid, wat die standpunt van die Foreign Office verduidelik antwoord bevestigend op die voorgaande vraag. Die brief lui o.m.: „Die Foreign Office meen dat geen regering die verantwoordelikheid kan neem vir die stap om dr. Otto Strasser toe te laat om terug te keer na Duitsland nie. Want hulle vrees dat hy aandadig kan wees aan die herlewing, in Duitslnd, van daardie oortuigings en idees wat die wêreld in oorlog met groot koste onderdruk het." 'n Ander vooraanstaande Engelsman het sommer reguit gesê: „Die Geallieerdes vrees Strasser se nasionalistiese oortuigings."

### *Skynheiligheid*

Dit beteken dat die Geallieerdes se voormalige vriend, Otto Strasser, 'n banneling in Kanada moet bly omdat die Geallieerdes — wat kastig nie teen die Duitse volk geveg het nie — vandag nog wil belet dat die terugkeer van 'n sterk Duitse leier na sy vaderland die herlewing van sy volk se nasionalisme kan beteken. Toe Hitler sy volk verenig en besiel het was hy nie goed nie; noudat maar net 'n moontlikheid bestaan dat Strasser sy volk kan verenig en besiel is hy ook nie goed nie; maar die Geallieerdes vertel darem vir die Duitsers dat hulle goed genoeg is om teen die Russe te veg!

Die Geallieerdes se kwaadwillige dade wat bots met hul skynheilige propaganda is waarskynlik die grootste struikelblok in die pad van Duitse samewerking met en vertroue in hul voormalige vyande. En nogtans is die Duitsers waarskynlik 'n onontbeerlike bondgenoot om die kommuniste te verslaan.

Ek sal nog 'n paar propaganda-stories aanhaal wat vir die Duitsers, in die lig van Otto Strasser se geval, seker na skynheiligheid moet lyk.

### *Praatjies oor Vryheid*

In 'n toespraak voor lede van die Berlynse stadsraad het die voormalige Britse Buitelandse minister, Ernest Bevin, gesê: „Ek praat namens die hele Britse volk wanneer ek sê dat ons glo dat die mensdom nooit tot groot hoogtes kan uitstyg nie indien hy nie geestelike vryheid het nie — indien hy nie sy verstand mag gebruik om sonder vrees te dink en te sê wat hy glo nie."

Namens die Britse regering is voor die Verenigde Volke verklaar: „Vir die Britse volk is outoritêre regering, verbod op vergaderings, sensorskap van die pers, en 'n miskenning van politieke teenstanders vreemd en uit die bose — of dit nou ook al in Spanje, Bulgarye of elders voorkom."

Dit is mooi propaganda. Wat is die waarheid?

### *Toets van Opregtheid*

'n Segsman van die Kanadese departement van Buitelandse Sake het na aanleiding van navraag oor die feit dat Strasser niks minder as 'n gevangene in Kanada is nie verklaar dat dit aan die Kanadese regering bekend gemaak is dat Brittanje en Frankryk nie wil hê dat Strasser na Duitsland moet terugkeer nie en dat hulle dit sal waardeer as Kanada sy terugkeer so moeilik as moontlik maak.

Dieselfde Kanadese segsman het die rede verstrek waarom Strasser 'n banneling moet bly. „Strasser word nog steeds beskou as 'n potensiële politieke magsfaktor in Duitsland." Dieselfde Geallieerdes wat die mond so vol het van vryheid en demokrasie verdoem Otto Strasser — hul voormalige vriend — tot banneling in die vreemde omdat hulle hom as politieke teenstander in Duitsland vrees.

Daarom beskou baie Duitsers vandag die geval van Otto Strasser as die toets vir die opregtheid van die Geallieerdes teenoor die Duitsers. Tot dusver het die Geallieerdes nie die toets deurstaan nie. Hul dade het die skynheiligheid van hul propaganda gemaak.

# GRONDWET IS BRON VAN MOEILIKHEID

**Mnr. P. C. Kruger, Pk. Stofberg, skryf:**

Noudat die grondwet van ons land onder die soeklig gekom en die twee partye so in die war gestuur het, dink ek dit sal lonend wees om die grondwet van alle kante te bekyk. Wat nou gebeur, sou vroeër of later wel moes gebeur, want die gronwwet maak geen onderskeid tussen blank en nie-blank nie, en lê ook neer dat Boer en Brit twee afsonderlike volke in Suid-Afrika moet bly. Ook die partystelsel, wat vereis dat die meerderheidsparty die regering moet vorm, is 'n produk van hierdie grondwet. Maar die partypolitici wat nou in konstitusionele duisternis verkeer, is bang om na die bron van die duisternis te gaan en dit te verwyder.

Die partystelsel is eintlik bedoel om die Boerevolk te verdeel en verdeel te hou. Dit is inderdaad eienaardig dat die grondwet wel verhoed dat die twee blanke groepe een word, maar vereis dat die blanke en nie-blanke groepe as een behandel moet word. Die Britte het ook goed geweet dat 'n party nooit alleen 'n tweederde-meerderheid sal kry om die verskanste klousules te verander nie.

**WORTEL ONAANGETAS**

Die partyleiers het nog niks gedoen om die wortel van die moeilikheid aan te raak nie. Hulle dwaal nog rondom die Appèlhof-uitspraak. 'n Wet wat die regters die swye oplê om hulle oor die grondwet uit te laat, verander nog nie ons grondwet nie. Vir my lyk dit of daar iets agter hierdie stilmaak van die regters skuil. Die Appèlhof het die lig te skerp laat val op ons verhouding tot die Empire en laat blyk dat ons wetgewende mag nog onderworpe is aan 'n grondwet wat die Britse regering ons gegee het en dus nog ondergeskik is aan die Britse wetgewende mag. Dit vernietig die storie dat ons soewerein vry is. Ons moet ons bly verbeel dat ons heeltemal ons eie baas is, soos die partypolitici ons al die jare vertel het. Ons wat die storie nie wou aanneem nie, is nog net so nugter as tevore en weet waar ons staan. Maar die Appèlhofuitspraak het daardie politici se voete onder hulle uitgeslaan en nou lê die een die ander en beskuldig dat hy die oorsaak is van die duisternis.

Die Regering het 'n wetsontwerp ingedien wat die wil van die meerderheid kiesers soewerein moet maak. Maar gaan dit ons vry maak van die Britse grondwet? En skep dit nie 'n gevaar wat tot nog toe nie bestaan het nie? Môre, oormôre kom Strauss of die Fakkels weer aan bewind en dan is hulle weer die soewereine wil van die volk. Ek gril as ek aan die moontlikheid dink, want as ek moet oordeel na die haat wat die V.P. en Fakkels aanblaas, gaan ons 'n toestand tegemoet soos wat in die kommunistiese lande heers.


## GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

**TARIEF:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar.

Vir herhalings 25 persent afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 persent afslag.

**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BEPERK, Posbus 1411, KAAPSTAD.**

### MEUBELS

**MEUBELS.**—Beter Meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen katalogus. Meld waarin u belangstel. — **VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, **Stasieweg, Parow,** verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

### HORLOSIES EN BRILLE

**H. J. STEYN, De Villiersstraat 17, Vasco, K.P.**—Vir horlosies en brille. Verkoop en repareer. Persoonlike aandag. 19/9/TK

### GRYSHARE

**GRYSHARE** herstel, skilfers verwyder, haregroei bevorder, jong voorkoms verseker, dit waarborg **GRYSHAARWONDER,** die jongste kunsmatige wêreldwonder haar- en kopvelvoedingsmiddel u. Skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel, geld met bestelling. **BOEREGENEESMIDDELS, Posbus 4272, Johannesburg.** C1/9/49

**Gryshare en baard binne een maand tot natuurlike kleur herstel of geld terug, vry van kleurstof. Bevorder haregroei, verwyder skilfers. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** G14/6/50

### MEDISYNE

**GESONDHEID** is u regmatige erfenis. Oortuig uself deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel. Skryf, inligting gratis, **Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** B1/9/49

**SIEKTES en Kwale verban!** Operasies vermy en gesondheid herstel. Waarom dan sal u langer ly? Skryf, meld besonderhede, raadpleeg **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** (Nr. 2)1/9/49


# PRODUSENT KRY OOK SWAAR

**Boerevrou, Pietersburg, skryf:**

In u uitgawe van 16 April verskyn 'n brief van „Staatsamptenaar" oor duurtetoeslag en ten slotte sê hy dat die produsent eers met 'n kleiner winsgrens moet tevrede wees. Wel, dit laat my dink dat „Staatsamptenaar" lankal kontak met die boere verloor het. Sal hy asseblief so goed wees om die volgende dinge uit te vind:

Hoeveel het plaasgereedskap soos skare, ploeë, trekkers, ens. in pryse gestyg vir die laaste tien jaar? Wat ons betaal vir arbeid. Hoeveel dit ons kos om ons kinders op kosskole te hou, en wat ons vir brandstof betaal en vervoer. En vir geval hy dit nie weet nie, 'n boer eet en drink en dra ook klere, en ons betaal net soveel maar ons kry nie lewenskostetoelae nie. Om net 'n voorbeeld te gee: In 1940 het ons £5 vir 'n vark gekry en mielies het 10/- 'n sak gekos. Vandag kry ons £6 en mielies kos £1/10/- 'n sak. Eiers was van 9d. tot 3/- en is nou van 1/- tot 3/6. Wat dink „Staatsamptenaar" daarvan?

Ek praat nie eens van misoeste, vrekte onder die kalwers en diere nie. Ek wens „Staatsamptenaar" wil met my ruil.

## Soos Ons Lesers Dit Sien

# Spraakloos Geskok Deur Parlementêre Gedrag

**Mense wat die parlement besoek en meen om daar 'n waardige bespreking van landsake te vind, is gewoonlik baie ontnugter na hul eerste kennismaking. Sommige lug hul verontwaardiging in die pers, ander spreek dit maar net uit teenoor hul vriende. Die jongste uitbarsting in die pers ná 'n besoek aan die parlement is gerig aan die Cape Argus deur F. Roets van Parow. Hy skryf:**

**„Ek het die afgelope week 'n besoek aan die parlement gebring om my nuuskierigheid oor die werking van die parlement te bevredig. Ek was so geskok dat ek dit nie in woorde kan uitdruk nie. Dit was waarlik verbasend om die skeldtaal en beledigings te hoor wat hierdie hoogs verantwoordelike manne mekaar toevoeg.**

**„Ek wil aan die hand doen dat daar 'n skool vir parlementslede opgerig word waar hulle kan leer wat die parlement vir die volk beteken en wat van hulle deur die volk verwag word."**

# Wil Brittanje Blank Hou

Beswaar teen die toestroming van nie-blankes na Brittanje word gemaak in die Britse blad Union wat skryf dat nie-blankes uit Afrika en Wes-Indië na Brittanje stroom ten einde te deel in die sosiale dienste wat vir die Britse volk beskore is. „Hierdeur veroorsaak hulle in hierdie land die vraagstuk van nog 'n onassimileerbare rasseminderheid met die ernstige nasleep van rassewrywing soos dit in ander wêrelddele voorkom, byvoorbeeld Suid-Amerika," verklaar die blad en voeg daaraan toe dat indien Australië 'n beleid van „Wit Australië" kan volg, dit vir die oorbevolkte Brittanje nog meer noodsaaklik is om 'n blanke beleid te hê.

# GUARDIAN WORD NIE IN BAN GEDOEN

**Mnr. Sam Kahn, Naturelleverteenwoordiger, het verlede week in die parlement aangekondig dat die Regering besluit het om nie die Guardian in die ban te doen nie. Die Regering het mnr. Kahn nie weerspreek nie.**

Die Guardian is 'n Kaapstadse weekblad wat voor die aanname van die wet teen kommunistiese bedrywighede hom openlik met die kommunistiese beweging vereenselwig het. Tydens die bespreking van die wet in die parlement het kabinetslede die Guardian „die mondstuk van die Kommunistiese Party" genoem.

Klopjagte is in 1950 deur die Regering op die Guardian-kantoor uitgevoer en ooreenkomstig die reeds genoemde wet is ondersoek na die blad ingestel. Die wet bepaal naamlik dat 'n publikasie verbied kan word indien hy deur sy naam of andersins betuig dat hy 'n publikasie is vir die propagering van die beginsels of die bevordering van die verspreiding van die kommunisme.

Ten opsigte van mnr. Kahn en F. Carneson, L.P.R., het 'n parlementêre komitee so pas bevind dat hulle kommuniste is, gevolglik kan die Regering, as hy wil, nou teen hulle kragtens wet optree.

Die aanduiding is dat dit wel sal gebeur.

# Oom Gert Nel Oorlede

'n Waardige Afrikaner en vader in die persoon van mnr. G. J. Nel (bekend as oom Gert) is op 9 April in die ouderdom van 87 jaar op sy plaas Setalie, Doornboom, Noord-Transvaal, oorlede na 'n siekbed van agt dae.

Oom Gert het 'n leidende aandeel geneem in die volkslewe en sy kerk. Hy was jarelank ouderling van die gemeente Zoekmekaar en voorganger by die bidure in sy wyk. Hy was die stigter van die Nasionale Party in sy omgewing en het by die Ossewabrandwag aangesluit kort nadat die beweging tot stand gekom het uit die Ossewatrek van 1938. Sedertdien het hy pal by die beweging gestaan en was 'n getroue leser van Die O.B., wat hy gereeld aan vriende gegee het nadat hy daarmee klaar was.


Sy eggenote en agt getroude kinders wat hy nalaat, kan aan hom terugdink as 'n waardige man en vader.

RYS sal weer ingevoer word na Suid-Afrika as gevolg van die swak mielie-oes. Die bedoeling is dat dit aan alle verbruikers beskikbaar gestel moet word.




Sole Representatives: African Sales Co (Pty) Ltd
P.O. Box 7261, Johannesburg

memo oor persoonlike keurigheid




Produkte van Suid-Afrika

Enigste Distribueerders in Suid-Afrika:

H. J. Niehaus (Edms.) Beperk

Posbus 4883, Johannesburg

Posbus 2108, Kaapstad

SANLAM



DIE STEMPEL VAN UITKOMS WANT BY **SANLAM** IS UITKOMS VIR ELKEEN

Dit is in tyd van nood dat 'n mens na jou eie mense soek . . .

Dit is in tyd van nood dat 'n mens jou eie mense vind – by Sanlam

Maak voorsorg vir uitkoms by SANLAM

★

# O.B. VRIENDSKAPSENTRUM

Groote Kerkgebou 604, Kaapstad

Vir

Heerlike koffie: Tee: Koeldranke: Roomys: Geroosterde brood: Toebroodjies: Soep en Nagereg

**Besoek ons wanneer u in Kaapstad is**

*Ons pryse—die billikste* *Ons diens—die beste*

**Beter Tabak * maak Beter Sigarette**



# Kommando

**Suid-Afrika se gewildste sigaret**

*** *Die Vervaardigers van Kommando is die grootste verbruikers van Suid-Afrika se eerstegraadse tabak.***

GI-3078

# MOONTLIKHEDE WAT KAN VOLG OP VERKIESING VAN EISENHOWER

## Gedugte Magte Rondom Hom Gekombineer

(Van Ons Amerikaanse Korrespondent)

**Die kanse van genl. Eisenhower om deur die Republikeinse Party as kandidaat aangewys en uiteindelik tot Amerikaanse president verkies te word, skyn taamlik gunstig te wees te oordeel na die partyverkiesings in die verskillende state wat tot sover afgehandel is. Hierdie ontwikkeling is nie 'n verrassing vir diegene wat weet watter kragte hulle agter die verkiesing van Eisenhower skaar nie. Na buite is dit die Republikeinse Party-kring wat aan Wallstreet verbonde is, en veral rondom die New Yorkse goewerneur Dewey groepeer. Hulle invloed binne die party kan bes na waarde geskat word as onthou word dat hulle dit reggekry het om hul man Dewey tweemaal teen die heftigste teenstand van die party-meerderheid tot presidentskandidaat te benoem.**

**Maar nog belangriker vir die kandidaatstelling van Eisenhower is 'n ander groep wat gewoonlik die kandidatuur van die Demokratiese Party beheers: die groep Baruch-Lehman-Morgenthau. Die belangstelling van hierdie groep in Eisenhower se kandidatuur rus hoofsaaklik op buitelandse politieke oorwegings. Dit is hierdie groep wat reeds onder Wilson en Roosevelt die „pro-Europa-beleid" in Washington deurgevoer het in teenstelling met „pro-Asië-beleid" wat deur die meerderheid van die Republikeinse Party—soos dit aanskoulik voorgestel is deur genl. MacArthur en senator Taft — as doelstelling aanvaar is.**

### VERKLAAR TRUMAN-HOUDING

Uit hierdie oorwegende nadruk op die buitelandse beleid vir die presidentsverkiesing moet ook die skynbaar so ensekere houding van Truman verklaar word. Dit was die New York Times van 9 Maart wat die Truman-raaisel heel duidelik beantwoord het met die verklaring: „President Truman is vasbeslote dat sy buitelandse beleid met al die gevolge van militêre en ekonomiese hulp en samewerking binne die raamwerk van die Atlantiese Verbond in geen omstandighede verydel moet word nie. **Dit kan aangeneem word dat hy hom waarskynlik nie weer verkiesbaar sal stel indien genl. Eisenhower die kandidaat van die Republikeinse Party word nie."**

### TRUMAN IN RESERWE

Hier het ons die eintlike vraagstuk van die Amerikaanse verkiesing en die hele spel om die kandidaatstelling op die eenvoudigste en duidelikste wyse geformuleer: **In alle omstandighede moet die heersende buitelandse beleid van Wilson-Roosevelt-Truman, die beleid van Baruch-Morgenthau-Acheson, gehandhaaf en voortgesit word! Aangesien die Republikeinse Party se kanse op 'n oorwinning die beste skyn te wees, moet daar 'n Republikeinse kandidaat gestel word wat hierdie beleid sal voortsit. Hierdie kandidaat is genl. Eisenhower — en vir geval die party ten spyte van druk van binne en buite tog vir Taft as kandidaat benoem, word Truman vir die voortsetting van die bestaande buitelandse beleid in reserwe gehou.**

Wie die kolossale mag van die geld ken, wat in die Verenigde State groter is as in enige ander land ter wêreld, kan gerus maar rekening hou met 'n oorwinning van die gekombineerde „koningmakers" van albei partye van die groepe Baruch-Morgenthau en Wallstreet, asook met die kandidatuur van genl. Eisenhower as Republikeinse Partykandidaat en sy oorwinning as president van die V.S.A. in November 1952.

### BETEKENIS

Wat sal dit beteken? Ten eerste natuurlik voortsetting van die buitelandse beleid soos dit onder Wilson-Roosevelt-Truman uitgevoer en deur Baruch-Lehman-Morgenthau geformuleer is. Die noue vriendskap wat Eisenhower met Bernard Baruch en Henry Morgenthau verbind en wat uitdrukking gevind het in talryke prente en boeke, laat die gevoel ontstaan dat ondanks die verskillende party-programme daar 'n noue samewerking bestaan tussen al die groepe wat ten gunste van hierdie buitelandse beleid is.

Hierdie vooruitsig sal deur die Europese lede van die Atlantiese Verbond met 'n sug van verligting begroet word wat oor die hele oseaan gehoor sal kan word. Nie alleen omdat Eisenhower persoonlik die waardering van al hierdie regerings geniet nie, **maar veral omdat hierdie regerings dan kan reken op 'n verdere voortvloeiing van die goud-stroom wat hulle almal aan die lewe hou.** (Net soos Europa sonder die Amerikaanse goud-stroom nie kan lewe nie, net so kan sy regerings ook nie sonder die goud-stroom lewe nie!)

### GROND VIR VREES

As 'n mens byvoorbeeld in die Washingtonse tydskrif U.S. News and World Report van 21 Maart lees dat hierdie stroom Amerikaanse dollar-miljarde sedert die einde van die oorlog 34½ miljard dollar bedra, terwyl daar in al die oorlogsjare, met inbegrip van die hulpverlening aan Rusland, slegs 32.8 miljard bestee is, dan kan mens die doodsvrees begryp van die Europese regerings dat Taft hierdie goud-stroom dalk sal toedam en daardeur die kunstige geboue van die bestaande ekonomiese en politieke orde van Wes-Europa kan laat ineenstort.

**Hierdie gevaar sal deur 'n oorwinning van Eisenhower verban word, maar tegelykertyd sal dit ook die genesing van Europa verban.** Want solank Wes-Europa op Amerikaanse krukke leun, sal hy waarskynlik nie probeer om op eie bene te staan nie. Die onnatuurlike ewewig wat sedert 1945 in Europa bestaan en deur die Amerikaanse buitelandse hulpverlening kunsmatig gehandhaaf word — ten nadeel van Spanje en Duitsland en tot voordeel van Frankryk en Engeland — sal verleng word en daardeur elke innerlike versterking en genesing van Europa belemmer word.

### GEVOLGE VIR V.S.A.

Vir Amerika beteken dit op sy beurt dat die oewerlose uitgawe-ekonomie voortgesit word wat eerstens moet lei tot 'n steeds groter sentralisering van ekonomiese en politieke mag in Washington, tweedens tot die ekonomiese likwidering van die midde-stand sowel as tot groter afhanklikheid van die nywerheids- en arbeidswese van die staat — met 'n neiging tot die totalitêre staat waarby die vorm van minder belang is. Hierdie ontwikkeling wat al sedert 1914, maar veral na 1939 aan die gang is, sal egter nouliks deur die nasionaal-konserwatiewe (dit wil sê die vryheidsliewende) deel van die volk sonder teenstand aanvaar word. Manne soos Taft en MacArthur is waarskynlik al te oud en te tradisievas om die nuwe ontwikkeling die hoof te bied, maar manne soos Lindbergh en McCarthy is jonk en strydlustig genoeg om so 'n dreigende ontwikkeling in die hare te vlie.

**Samevattend dan: Die verkiesing van Eisenhower tot president sal eerstens beteken dat alles min of meer sal voortgaan soos tot dusver, en ten slotte dat in afwesigheid van 'n tydige hervorming die gevaar van 'n latere revolusie hierdeur vergroot sal word.**


• WAARDE
• KWALITEIT
• VERSKEIDENHEID

DAMES-, MANS- en KINDER-UITRUSTERS SNYERS

UNIEWINKELS
BEPERK

KERKSTRAAT 275 — PRETORIA

Takke: Johannesburg, Germiston, Benoni, Vereeniging, Kaapstad


„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: Voorslag (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein. Kaapstad

# KON EUROPA GERED HET MET STERK OPTREDE

**Die onthulling van pres. Truman op 'n perskonferensie dat hy die Russiese troepe in 1946 deur middel van 'n ultimatum uit Persië verdryf het, is sowel 'n bevestiging van die standpunt dat die Weste vandag veel sterker sou gestaan het indien daar fermer teen Stalin opgetree is, as wat dit 'n aanklag teen Truman se beleid sedert 1946 is.**

Vir die eerste paar jaar na die oorlog het Amerika en Brittanje 'n paai-beleid ten opsigte van Rusland gevolg. Daar is probeer om die Russiese kommuniste soos ordentlike mense te behandel. **Dit was die tyd toe Rusland militêr uitgeput en baie swak gestaan het in sy Oos-Europese besettingsgebiede waar hy nog nie geleentheid gehad het om alle verset te likwideer nie.** Sterk optrede sou toe sonder twyfel Rusland uit Europa laat terugtrek het net soos hy uit Persië pad gegee het. Hierdie beleid is egter nie gevolg nie, grootliks op aandrang van Brittanje, wat liewer terwille van sy handel met die Ooste wou verbroeder. Die gevolg was dat 'n groot deel van Europa vir die Weste verlore gegaan het.

Dieselfde swak beleid is ook in Korea gevolg waar sterk optrede soos MacArthur geëis het, 'n beslissing in die guns van die V.V.O. kon afgedwing het. Op Britse aandrang is dit nie gedoen nie, en die gevolg is dat die oorlog in Korea 'n klaaglike mislukking geword het noudat Rusland hom daar opgewasse voel vir die stryd.

# Speel Boerespel in Buiteland

Jukskei, die Boerespel wat langs die ossewa ontstaan het, word reeds in verskillende wêrelddele gespeel, volgens 'n bekendmaking aan die Suid-Afrikaanse Jukskeiraad. In Skotland word dit al gespeel, terwyl Australië, Kentucky en Massachusetts (V.S.A.) navraag gedoen het na die reëls van die spel. Ook die Olimpiese Speleraad stel glo belang.

# Atoomkanon in Produksie

Na die onlangse geslaagde proefnemings met atoomkanonne is die Verenigde State tans besig met die volstoomse produksie van hierdie nuwe soort artillerie. Daar word verwag dat hierdie wapen in 'n volgende oorlog hoofsaaklik teen groot troepe-konsentrasies gebruik sal word, en dat dit die moderne oorlogsvoering ingrypend sal verander.

Die kanon met sy platform weeg 75 ton en word deur twee hulpvoertuie wat spesiaal daarvoor gebou is, gedra teen 'n snelheid van 35 myl per uur en met 'n afstandsvermoë van 250 myl sonder brandstofvoorsiening. Die kanon self skiet 20 myl ver en is baie meer akkuraat as gewone artilleriestukke.